

WAT SOEK JY?

So dikwels hoor mens kerkmense sê dat die Bybel tog sê ons moet onself liefhê. Is dit werklik so? Is daar eintlik drie 'groot gebooie', nl. liefde vir God, liefde vir my naaste en liefde vir myself?

Die opdrag: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jousef' is in die vorm van 'n vergelyking. Die liefde wat jy vir jou naaste moet hê (die opdrag) word vergelyk met die liefde wat elke mens vir homself hét. As Christus vir sy dissipels sê om opreg soos die duiwe te wees (Matt. 10:16), is dit tog nie 'n opdrag aan die duiwe om opreg te wees nie. Nee, dit word as vanselfsprekend aangeneem dat die duiwe opreg is. Die opdrag is dat die dissipels opreg moet wees soos wat die duiwe opreg is. In ons gewone spreektaal werk dit tog ook so. Wanneer ons iemand maan om 'so stil soos 'n muis te wees' sê ons tog nie vir die muis om stil te wees nie! Nee, almal weet dat 'n muis stil is. Dis 'n opdrag aan 'n mens om só stil te wees as wat ons weet 'n muis is.

Die gebod sê dus in werklikheid: 'Jy moet jou naaste liefhê soos wat jy jousef het.' Die natuurlike, sondige mens het homself tog oneindig lief. Lees maar Ef. 5:28,29. Die gelowige mans word gemaan om hulle vrouens lief te hê soos wat hulle hulself het. En dan vervolg die skrywer: 'Want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen.' Op só 'n liefde kan niemand 'verbeter' nie! Dit kan en moet alleen maar getemper word. Lukas 14:26 sê mens kan nie Jesus se dissipel wees tensy jy van jou eie lewe afstand doen nie, (OV: jou eie lewe haat!)

Paulus sou voorwaar hierdie aanmoediging tot selfliefde onder Christene baie eienaardig gevind het. Hy waarsku Timoteus juis dat die verskriklike verval in die laaste dae gekenmerk sal word deur die feit dat mense liefhebbers van hulleself sal wees. (2 Tim. 3:1,2 OV)

Dit lyk asof die Bybel 'n korrekte verhouding tot die self as 'n vanselfsprekende gevolg van die korrekte verhouding tot God en ons naaste beskou. Nêrens word ons gemaan om ons te beywer vir hierdie verhouding nie. So dikwels hoor ons: 'Jy moet jousef eers vind voordat jy jou roeping kan vervul. Werk eers aan jou selfbeeld voor jy iets vir God of jou naaste kan probeer doen.' Die Bybel dui ook 'n 'eers' aan: 'Beywer julle **allereers** vir die koninkryk van God en vir die wil van God.' Wat kom eerste in ons lewens?

Die 'soek eers jousef'-leuse is myns insiens nie maar 'n geringe afwyking van die Bybelse orde nie. Dis 'n doodloopstraat, 'n 'eers' wat mens so in beslag kan neem, dat jy nooit verder kom nie. Dis 'n verleidingstaktiek van die duiwel wat menige mens met goeie potensiaal effektief uitskakel uit die oorlog waarmee ons besig is. Sekerlik kan ons adolosente tyd gun vir 'n paar identiteitskrisisse, maar vir volwasse gelowiges is daar werk om te doen. Ons staan in 'n stryd - en nie één van ons wapens is 'n goed gepoleerde selfbeeld nie!

Dat hierdie ywer vir myself tot mislukking gedoem is, blyk verder uit Matt. 10:39: Elkeen wat homself wil behou, sal homself verloor, en elkeen wat homself prysgee t.w.v. Christus, sal homself vind. Is dit nie hoekom baie mense wat naartiglik na geluk soek, so ongelukkig is nie? Soek ons nie al verder in die verkeerde rigting nie? Wie geluk

soek, sal dit nooit vind nie! Verstaan die paradoks van die saligsprekinge: Salig is die wat treur! Wie seëninge soek, sal dit nooit vind nie! Wie God, sy wil en sy koninkryk soek, hý sal geseën word. Is dit nie die enigste geluk wat die naam geluk werd is nie: om deur God geseën te word?

Soek jy geluk? Soek God!